

THOM, HB:

DF Malan, Tafelberg, Kaapstad, 1980. R15. 366 bladsye.

Prof Thom is 'n deurwinterde historikus en iemand wat reeds met sy biografie oor Gerrit Maritz (1947) bewys het dat hy 'n besondere meester van hierdie genre is. Dié biografie oor dr Malan is op intensiewe diepte-navoring en 'n baie goeie persoonlike kennis van dr Malan gebaseer. Prof Thom het trouens groot dele van die geskiedenis waaroor hy skryf persoonlik deurlewe en as 'n leiersfiguur daarin 'n rol gespeel. Tog bring dit geensins mee dat dié biografie die karakter van 'n memoir of 'n huldigingswerk aanneem nie. Dit is 'n ewewigtige, deurdagte en gevoelige werk waarin dr Malan se sterk en swak punte na vore kom. Die politieke gebeure wat bespreek word, is sensitiewe gebeure waaromheen baie emosies opgebou is en steeds opgebou word: die vlagstryd, die Ossewa-Brandwag, die apartheidsbeleid en die republikeinse strewe. Prof Thom behandel dié sensitiewe temas met 'n aanvoeling en 'n historiese ryphed wat boei. Dit laat 'n mens die boek neersit met die gevoel dat jy werklik verryk is en dat jy 'n veel beter begrip van politieke gebeure en die mens Malan het.

Prof Thom se hantering van die botsing tussen dr Malan en die Ossewa-Brandwag is hiervan 'n goeie illustrasie. Daar is geen poging om, soos vandag graag gedoen word, die OB in terme van terroriste-organisasies of radikalisme te sien nie. Tog probeer die skrywer ook nie die negatiewe van die OB verdoesal nie. Onder leiding van Hans van Rensburg het die OB 'n

pad ingeslaan wat versoening met dr Malan en die Nasionale Party onmoontlik gemaak het. Prof Thom toon aan hoedat daar 'n fundamentele verskil in uitgangspunt tussen die twee leiers bestaan het. Van Rensburg met sy geloof in diktatoriale optrede en weinig gevoel vir die Christelike eise van dr Malan, teenoor dr Malan die toegewyde Christen en opregte demokraat.

Die biografie is vir die onderwyser besonder bruikbaar in die klaskamer. Dit is in pragtige vlot Afrikaans geskryf wat leerlinge met groot gamak sal lees en wat nie met feitlike besonderhede oorlaai is nie. Die tematologiese indeling is in afgeronde hoofstukke verdeel wat dit vir die onderwyser moontlik maak om leerlinge net uitgesoekte hoofstukke te laat lees. Die boek bied ook geleentheid om vir leerlinge prikkelende opdragte oor dr Malan as persoon te gee. Laat hulle bv. gaan vasstel of dr Malan werklik so stram en stroef was as wat sommige spotprente hom voorgestel het. Of laat hulle gaan vasstel of dr Malan stadig van begrip was, bietjie dom soos die Opposisie graag gespot het. Was dr Malan en Hans Strijdom werklik vyande is 'n ander prikkelende paragraafopdrag vir leerlinge.

PH KAPP